Legends

MEDIA24 NEWS EXCELLENCE AWARDS 2018

PERSVERKLARING – Media24 Nuus 2018 Legends-toekennings

EMBARGO: TOT 22:00 VRYDAG 27 JULIE 2018

Media24 Nuus se Legends-toekennings is Vrydagaand, 27 Julie in Kaapstad oorhandig.

In die tiende bestaansjaar van die kompetisie is ’n rekordgetal inskrywings van 651 ontvang. Daar is vanjaar ook vir die eerste keer by die kompetisie erkenning gegee aan die bydraes van vryskutte, met twee spesiale afdelings waarin verslaggewers en fotograwe kon meeding.

Die prysuitdeling is by Zeitz MOCAA in die Kaapse Waterfront gehou – die tuiste van die grootste kontemporêre Afrika-kunsversameling ter wêreld. Dit is onder meer bygewoon deur Rachel Jafta, voorsitter van die Media24-direksie, en Esmaré Weideman, uitvoerende hoof van Media24.

Clement Singh, waarnemende hoofbestuurder van Media24 Nuus, het in sy verwelkomingstoespraak verwys na die rol wat die media gespeel het in die bedanking van oudpres. Jacob Zuma in Februarie vanjaar. Singh het gesê die bedanking was die resultaat van uitstekend werk wat deur die media gedoen is, onder wie ook joernaliste van Media24.

“Ek salueer elke van ons redakteurs en joernaliste vir die rol wat julle nie net in Media24 speel nie, maar ook in die land en in ons demokrasie. Julle is die oë en die ore en die gewete van ons land en ons ondersteun julle daarvoor,” het Singh gesê.

Wenners is aangewys in drie afdelings: redaksioneel, advertensies en dienste. Elke afdeling is deur ’n paneel beoordeel.

Singh was die sameroeper van die beoordelaarspaneel in die advertensies-kategorie. Die dienste-toekennings is beoordeel deur 'n paneel afdelingshoofde, gelei deur Beulah van Rensburg, hoof van mensebestuur by Media24 Drukmedia. Weideman het die aanwysing van die Legende in sy Leeftyd-toekenning gelei.

Die beoordelaars vir die Legends-toekennings in die redaksionele afdeling was Mathatha Tsedu (voormalige voorsitter van die Suid-Afrikaanse Redakteursforum), Joe Thloloe (gewese Persombud van Suid-Afrika), Chris Whitfield (voormalige redakteur van die Cape Times en die Cape Argus), Roger Sedres (bekroonde Suid-Afrikaanse sportfotograaf), André le Roux (mediakonsultant en stigter van Media24 se Afrika-kantoor), Maryna Engelbrecht (nie-fiksie uitgewer by NB-uitgewers en voormalige wenner van die Mandy Rossouw-prys vir politieke verslaggewing) en Henriëtte Loubser (redakteur van Netwerk24).

Johanna van Eeden, vryskutjoernalis en voormalige hoofredakteur van Media24 se Afrikaanse dagblaaie, was die sameroeper van die paneel. Van Eeden het gesê een kenmerk van vanjaar se kompetisie was die hoë gehalte van inskrywings van die plaaslike koerante in álle afdelings van die kompetisie. “Dit was ook verblydend om soveel nuwe name te sien onder die deelnemers en finaliste.”

Die twee hoogtepunte van die aand was die aanwysing van die Legende in sy Leeftyd-toekenning en dié van Joernalis van die Jaar.

Joe Tholoe is met eersgenoemde prys vereer vir sy lewenslange bydrae tot die joernalistiek. Tholoe is ’n gesaghebbende, deurwinterde joernalis wat onder meer as Persombudsman gedien het.

Nellie Brand-Jonker het weggestap met die toekenning vir Joernalis van die Jaar vir haar uitgebreide verslaggewing oor die Steinhoff-skandaal wat in Beeld, Die Burger en Volksblad gepubliseer is.

Die name van die wenners en finalis/finaliste (redaksioneel) in elke kategorie, tesame met kommentaar van die beoordelaars, word hier onder gelys.

REDAKSIONELE WENNERS 2018

ARTIKELSKRYWER VAN DIE JAAR

Finaliste
Willemien Brümmer – Die Burger
Murray la Vita – Die Burger

Wenner
Hendrik Hancke – Rapport
In die dolle gejaag na spertye, maak party joernaliste hulle skuldig aan telefoonjoernalistiek, maar nie hierdie skrywer nie. Hy het saam met ‘n vragmotorbestuurder die lang pad gevat van Heilbron tot in Lesotho om eerstehands te ervaar hoe dit voel om ‘n ridder van die ompad te wees. Sy aangrypende artikel oor Tefo Tsotetsi maak dié skrywer ‘n waardige wenner.

DEON DU PLESSIS TABLOID-JOERNALIS VAN DIE JAAR

Finalis
Sifiso Jimta – Daily Sun

Wenner
Bohemia Hoffmeester – Die Son
Die verdwyning en dood van Courtney Pieters buite Kaapstad is nougeset en met ywer aangepak. Die joernalis het eienaarskap geneem van die storie, van die oomblik wat die 3 jarige verdwyn het, tot die hoëprofiel-besoek deur die gewese president, Jacob Zuma. Die verslaggewer het populêre styl geskakeer met empatie vir ‘n ma wat sukkel om die dood van haar kind te verwerk. Sy wys dat ‘n poniekoerantstorie nie onsensitief of ligsinnig hoef te wees oor mense se pyn nie.

FOTOGRAAF VAN DIE JAAR

Finalis
Deon Raath – Rapport

Wenner
Jaco Marais – Die Burger
Die wenner se inskrywing vir vanjaar se kompetisie was uitsonderlik omdat dit sy veelsydigheid as fotojoernalis bewys. Sy aandag aan detail, komposisie en werksetiek word in sy werk weerspieël. Al die foto's wat hy ingedien het is met sorg uitgesoek en bevat al die kenmerke wat 'n mens van 'n wenportefeulje sou verwag.

GRAFIESE KUNSTENAAR VAN DIE JAAR

Finalis
Johnn-Grant Munro – Die Burger

Wenner
Jaco Grobbelaar – City Press
Die leser word ingetrek in die infografika deur die vaardige gebruik van 'n tydlyn, kleurgekodeer vir maklike navigasie en die slim gebruik van 'n kombinasie van foto's en illustrasies om die lewe van Oliver Tambo te belig.

JOERNALIS VAN DIE JAAR: STREEKSKOERANTE

Finaliste
Jamey Gordon – Distrikspos
Marianke Saayman – Potchefstroom Herald

Wenner
Raymond Willemse – Distrikspos
Hoe doen jy verslag in plaaslike koerante oor dae van internasionale belang? Die wenner het die konteks geskets, die menings van plaaslike kenners ingewin en vir sy lesers 'n in diepte-kyk en praktiese hulp gebied oor die ingewikkelde kwessie van geestesgesondheid.

KUNSTEJOERNALIS VAN DIE JAAR

Finaliste
Charl Blignaut – City Press
Aldi Schoeman – Rapport

Wenner
Grethe Kemp – City Press
Dit kon 'n doodgewone resensie van net nog 'n musiekblyspel gewees het, maar die wenner het 'n prikkelende stuk geskryf wat die leser dwing om krities te dink oor die interaksie tussen kuns en gehoor en hoe hierdie deel van die kreatiewe proses nie voorspel of beheer kan word nie.

LEEFSTYLJOERNALIS VAN DIE JAAR

Finaliste
Carla Lewis – Beeld
Grethe Kemp – City Press

Wenner
Phumlani S. Langa – City Press
Die wen-inskrywing is ‘n dapper perspektief op een van die gewildste rolprente van die jaar. Die verslaggewer sny deur die euforie met vaardige skryfwerk die styl, dialoog, intrige, grafika en aksietonele van die fliek te belig.

MANDY ROSSOUW POLITIEKE JOERNALIS VAN DIE JAAR

Finalis
Marietjie Gericke – Volksblad

Wenner
Sipho Masondo – City Press

Die Gupta-familie was groot nuus vir Suid-Afrika en die gevolge daarvan het gestrek tot by die ANC-verkiesing verlede Desember, waar oudpresident Jacob Zuma se lot verseël is. Dit is daarom gepas dat die Mandy Rossouw Politieke Joernalis van die jaar ‘n portefeulje ingedien het oor die infiltrasie en amperse kaping van die nasionale tesourie deur die Gupta-familie. Hy het berig hoe beamptes binne die tesourie moes baklei om staatshulpbronne te beskerm.

ONDERSOEKENDE JOERNALIS VAN DIE JAAR

Finaliste
Suzanne Venter – Rapport
Dustin Wetdewich – Potchefstroom Herald

Wenners
Hendrik Hancke en Elizabeth Sejake – Rapport
Die krag van die storie lê in die ongewone span wat verlede jaar berig het oor die rassespanning in Coligny. Die kombinasie het hulle toegang laat verkry tot die verdeelde gemeenskap. Die storie wys hoe woedende swart mense ‘n wit boer se huis aan die brand steek en nog ‘n groep swart mense bykom om die brand te blus. Dit was ‘n ongewone benadering vir Rapport en die span verdien erkenning daarvoor

OPSKRIF- EN PLAKKAATSKRYWER VAN DIE JAAR (AFRIKAANS)

Finalis
Marizanne Kok – Beeld

Wenner
Eugene Yssel – Beeld
Om laataand op spertyd in die hitte van die stryd kreatief te kan wees met ‘n opskrif vir nuus wat op daardie oomblik nasionaal en internasionaal op die voorgrond is, vereis jare se ervaring en vasbyt. Die wenner het met slim woordspeling gesorg vir ‘n opskrif wat nie net die nuus oorgedra het nie, maar ook mense se versugting in daardie oomblik van brekende nuus.

OPSKRIF- EN PLAKKAATSKRYWER VAN DIE JAAR (ENGELS)

Wenners

Nahima Ahmed en Keith Henderson – Daily Sun

'n Slim koerantplakkaat laat die leser daarvan dadelik twee keer kyk en drie keer dink. Dit prikkel lesers om die koerant te koop om te sien waaroor die berig handel en word 'n besprekingspunt op daardie dag. Hierdie plakkaat voldoen aan al daardie vereistes. Dit is skerp, op die man af en met 'n tikkie humor.

PROFIELSKRYWER VAN DIE JAAR

Finaliste

Charl Blignaut – City Press

Belinda Jackson – Die Burger

Wenner

Samantha Lee – People's Post

Die onderwerpe is almal mense wat beskadig is deur 'n lewe in misdaadgeteisterde gemeenskappe wat gebuk gaan onder armoede, gewelddadige bendes, dwelms, verkragting en algemene wanfunksionering. Nou gebruik hulle hul hartverskeurende ervarings om ander te help om dieselfde vrese beter te hanteer. Die wenner het vir hulle 'n stem gegee. Dit is straatvlak-joernalistiek op sy beste.

RUBRIEKSKRYWER VAN DIE JAAR

Finaliste

Charles Smith – Volksblad

Raymond Willemse -- Distrikspos

Wenner

Carla Lewis – Beeld

Hierdie skrywer is 'n ware woordsmid. Sy kies elke woord en sin fyn en gebruik dit om 'n uitstekende en oortuigende argument te weef. Sy skryf slim, vermaaklik en vreesloos en skroom nie om selfs die gewilde Cyril Ramaphosa oor die kole te haal nie.

SAKEJOERNALIS VAN DIE JAAR

Finaliste

Lesetja Malope – City Press

Dewald van Rensburg – City Press

Wenner

Nellie Brand-Jonker – Beeld, Die Burger en Volksblad

Daar was verskeie uitstaande inskrywings in die afdeling, maar die wenner se dekking van die Steinhoff-saga staan uit omdat sy herhaaldelik stories daaroor gebreek het en dit op 'n toeganklike manier aangebied het. Behalwe dekking van die finansiële details, het sy die rolspelers skerp uitgelig, insluitende Markus Jooste.

SCOOP VAN DIE JAAR (AFRIKAANS)

Finalis

Hendrik Hancke – Rapport

Wenner
Maygene de Wee – Die Burger
Met haar goeie kontakte en deur voetwerk het hierdie joernalis eienaarskap geneem van een van die grootste nuusstories van die jaar. Die resultaat is ‘n reeks sterk nuusberigte waarin sy heeltyd ‘n tree of twee voor haar mededingers gebly het.

SCOOP VAN DIE JAAR (ENGELS)

Finaliste
Nicki Gules en Sipho Masondo – City Press

Wenner
Abram Mashego – City Press
In die jaar van die Guptas en die Zumas het die wenner voorbereidings gevolg van die Batebeslagleggingseenheid drie maande vóór hy sy storie kon publiseer. Hy het gehoor gegee aan ‘n versoek van Shaun Abrahams, hoof van die nasionale vervolgingsgesag, om nie die Guptas bewus te maak van enigiets voor die eenheid sou toeslaan nie. Omdat hy gewag het vir publikasie kon hy ‘n indiepte verslag lewer wat hom kop en skouers bo mededingers laat uitstaan het.

SPORTJOERNALIS VAN DIE JAAR

Finalis
Stephen Nell – Die Burger

Wenner
Marizanne Kok – Beeld
Die weninskrywing het ‘n scoop bevat wat Suid-Afrika se sportliggaam, Saskok, in totale wanorde gelaat het en gelei het tot die skorsing van Tubby Reddy, die uitvoerende hoofbeampte en nog twee ander. Reddy se seksuele oortredings is onthul, wat gelei het tot ‘n openbare verhoor wat op TV uitgesaai is.

UITLEG-SUBREDAKTEUR VAN DIE JAAR

Finalis
Johnn-Grant Munro – Die Burger

Wenners
Vernon Janse van Rensburg en Theuns Kruger – Beeld
Hierdie voorblad, wat op 16 Desember verskyn het met die afskop van die ANC se nasionale konferensie, is van internasionale gehalte. Die kop-aan-kop-tema, grafiese uitvoering en oorhoofse krag daarvan het ‘n besondere treffende voorblad opgelewer wat uitgestaan het tussen ander baie sterk inskrywing.

VRYSKUTJOERNALIS VAN DIE JAAR

Finalis
Deonette Haggard – Mid-Karoo Express

Wenner

Suzette Truter – Die Burger, By
Die beoordelaars is betower deur drie stories wat puik geskryf is, van mense en plekke wat uiteenlopend van mekaar verskil – 'n plaasskool, die enigste in 'n radius van 120 km, 'n vrouebranderplankryer en die skepper van teaterkostuums. Die samebindende faktor was die gehalte van die skryfwerk.

VRYSKUTFOTOGRAAF VAN DIE JAAR

Finalis
Thys Lombard – Eikestadnuus

Wenner
Marzahn Botha – Die Burger, By
Die wenner se oog vir detail en die manier waarop hierdie foto die storie geillustreer het, was die beslissende faktor.

ADVERTENSIE-WENNERS 2018

DIREKTE ADVERTENSIE-VERKOOPSBESTUURDER VAN DIE JAAR

WENNER: Tanya van Niekerk – Beeld
Hierdie advertensiebestuurder het nie net haar begroting met 8,4% miljoen oortref nie, haar jaar op jaar afname was 6%, en dit in 'n baie uitdagende omgewing. Nuwe besigheid het bygedra tot 18% miljoen van haar totale portefeulje. Ondanks die verskuiwing van motoradvertensies na digitale platforms, het sy dié spesifieke portefeulje jaar op jaar met 20% gegroei. Haar gemiddelde tarief was 2% hoër as haar begrote tarief, wat op uitstekende afslagbestuur dui.

VERTEENWOORDIGER VAN DIE JAAR: GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

WENNER: Shameema Somsodien – TygerBurger
Geklassifiseerde advertensies is waar die hele koerantadvertensiebedryf begin het, en hoewel dit vandag onder groot druk is, bly dit die deel van die advertensieomgewing met die ruimste hart. Die wenner tree proaktief op om haar kliënte se behoeftes met haar handelsmerk te versoek en gaan uit haar pad uit om goeie diens te lewer. Die wenner het haar portefeulje met 20 nuwe kliënte gegroei om haar doelwit met 21% te klop.

VERKOOPSVERTEENWOORDIGER VAN DIE JAAR: DIREKTE KLEINHANDEL

WENNER: Michelle Phillips – Beeld
Om nuwe inkomste in 'n taai markomgewing te kry is moeilik, maar die wenner het inisiatief geneem en nuwe projekte begin wat beduidende inkomste opgelewer het. Sy het as gevolg daarvn nie net haar doelwit met 92% oortref nie, maar ook har inkomste jaar op jaar met 92% vehoog. Een van die hoogtepunte van haar jaar was 'n projek wat in samewerking met die departement van onderwys gedoen is.

VERKOOPSVERTEENWOORDIGER VAN DIE JAAR: PLAASLIKE KOERANTE

WENNER: Maro Swanepoel – PE Express
Vanaand se wenner is 'n gebore presteerder wat haar begroting én verlede jaar se indrukwekkende vertoning geklop het. Sy het weer bewys wat die gevolg is van volgehoue

toewyding, deur haar begroting met ‘n ongelooflike 182% ge klop en haar portefeulje jaar op jaar met 30% te groei. Sy kry hierdie toekenning vir haar bydrae tot een van die mees suksesvolle plaaslike titels in die nuusafdeling.

NASIONALE ADVERTENSIEVERTEENWOORDIGER VAN DIE JAAR

WENNER: Brigette Basson – Ads24

Sy het ‘n uiteenlopende portefeulje van meer as 30 kliënte en bestuur kliënte se behoeftes, veldtogte en verhoudings só sukseslvol dat sy haar doelwit oortref het én haar vorige jaar se inkomste met ‘n indrukwekkende 60% oortref het, waarvan 40% nuwe besigheid was.

NASIONALE VERKOOPSBESTUURDER VAN DIE JAAR

WENNER: Pierette Spadoni – Ads24

In die hoogs mededingende omgewing van nasionale verkope, is sterk verhoudings en uitstekende diens die kenmerke van toppresteerders. Vanjaar se wenner het gefokus op die regering, onderwys, werwing en tenders en as gevolg daarvan haar begroting met 31% geklop en die jaar op jaar-afname in ‘n baie uitdagende sektor beperk tot net 8%.

SIRKULASE-TOEKENNING VAN DIE JAAR

WENNER: Renier van Wyk – Beeld/Rapport

Te midde van die onvoorspelbaarheid van die koerantomgewing, wisselvallige verbruikersbesteding en die digitale migrasie, moet ons sirkulasiebestuurders hul storie ken. Hy het nie weggeskram van die uitdaging nie – wat kenmerkend is van hom – en die wenner het daarin geslaag om sy intekensyfers stabiel te hou, wat ‘n verbetering van 3% op sy begroting was en ‘n jaar op jaar-afname van minder as 10%.

DIENSTE-TOEKENNING: WENNER 2018

TOEKENNING VIR MENSEBESTUUR

WENNER: Desiree Brewer

Die dae toe mensebestuurders weggesluit in kantore gesit en waak het oor prosesse en die nakoming van reëls is vir altyd verby. Hulle is strategiese vennote wat help om oplossings te soek tot voordeel van die besigheid en die welstand van ons mense. Ons wenner kom uit ‘n omgewing waar daar talle uitdagings in die menselikehulpbron-afdeling was. Sy het daarin geslaag om die afdeling in ‘n kort tydjie reg te ruk en was ook instrumenteel in die verandering van haar onmiddellike omgewing deur inoovasie en die bevordering van die welstand van personeel, belyn met die kernwaardes van Media24.

LEGENDE IN SY LEEFTYD: JOSEPH NONG ‘JOE’ THLOLOE

In haar boek “The Proud Tower: A portrait of the World Before the War (1890-1914) beskryf Barbara W Tuchman een van die groot staatsmanne van die tyd as iemand wat “deur ‘n kombinasie van erfenis en karakter, die nasionale gewete geword het”.

Dit is ‘n toepaslike beskrywing van vanjaar se wenner: ‘n ware staatsman van die Suid-Afrikaanse joernalistiek. Hy was standvastig deur sy hele loopbaan van maatskaplike en politieke aktivisme, as ‘n pionier van persvryheid en gehaltejoernalistiek ter bevordering van mense se reg op inligting in diens van ‘n vrye en regverdige demokratiese Suid-Afrika.

Sy reis het as 16-jarige skoolseun in Orlando-Oos in Soweto begin toe hy by die Africanist aangesluit het, wat in 1958 weggebreek het van die ANC. Op 17 het hy ‘n stigterslid van die PAC geword en die jaar daarna het hy drie jaar tronkstraf of ‘n 300 pond-boete gekry vir sy rol in die PAC se 1960-veldtog teen paswette. Hy is eers op Oukersaand vrygelaat na sy pa geld kon insamel om die boete te betaal.

Na matriek het hy by Bantu World as ‘n verslaggewer begin werk en dié kombinasie van politiek en joernalistiek in ontstuimige tye was die begin van en van die kleurrykste en mees gerespekteerde loopbane in die Suid-Afrikaanse joernalistiek.

Hy was die eerste swart verslaggewer by die Rand Daily Mail en het in sy loopbaan alles in die nuuskantoor gedoen – van algemene verslaggewing, sportverslaggewing, jazz-resensent, artikelskrywer, arbeidskorrespondent en rubriekskrywer – tot hy die eerste besturende redakteur en latere adjunkredakteur van die Sowetan geword het onder leiding van die legendariese Aggrey Klaaste.

Hy het later by die SAUK hoof van nuus en aktuele sake geword en ‘n deurslaggewende rol gespeel in die transformasie van die openbare uitsaaier, waarna hy na ‘n soortelyke pos by e.tv geskuif het. Getrou aan sy beginsels het hy dié pos in 2006 verlaat toe ‘n nuwe nuusbeleid ingestel is.

Sy dekking van arbeidskwessies is nou verweef met die opkoms van die swart arbeidsbeweging. Hy was instrumenteel in die stigting en bevordering van strukture om die regte van joernaliste te bevorder en was onder meer stigter van die Unie vir Swart Joernaliste, stigterslid van die Swart Redakteursforum en stigter en latere voorsitter van die Suid-Afrikaanse Redakteursforum.

Hy moes ‘n hoë persoonlike prys betaal vir sy strewe na geregtigheid en sy verbintenis tot anti-apartheidsaktivisme. Dit sluit in eensame aanhouding, aanhouding op Robbeneiland, huisarres en ‘n bannelingskap van drie jaar.

Hy het ook op ‘n paneel van die Menseregtekommissie gedien, was vir ses jaar sedert 2007 die Persombudsman en is tans die direkteur van die Persraad. Sy reis oor amper ses dekades het hom nie onaangeraak gelaat nie, maar sy persoonlike morele kompas en integriteit was deurlopend sigbaar, selfs al het dit beteken hy moes opofferings maak. Hiervan is sy talle nasionale en internasionale toekennings ‘n bewys, waaronder twee eredoktorsgrade, die Louis Lyons-toekenning vir integriteit en dapperheid van die Nieman-stigting by Harvard, die Nat Nakasa-toekenning en die Orde van Ikhamanga, om maar net ‘n paar te noem.

By die Legends-toekennings word Joe Tholoe vereer as ‘n legende in ons bedryf. Media24 salueer die opofferings wat hy gemaak het om dít wat vir ons die kosbaarse is te beskerm – ‘n vrye pers en demokrasie. Hy is ‘n belangrike herinnering aan die verantwoordelikheid wat ‘n mens het wanneer jy voor ‘n rekenaar inskuif. En hy is ware houer van ons nasionale gewete.

----- einde -----